PAROW INKLUSIEWE SKOOL

Beste Ouers/Voogde **18 Januarie 2021**

VOORSPOEDIGE 2021

Welkom terug by 'n splinternuwe 2021! Ek hoop u is almal gesond en veilig!

Eerstens wil ek vir u as ouers en leerders 'n voorspoedige nuwejaar, met al sy onsekerhede, toewens. Ons wil egter 'n dringende versoek tot u rig om asseblief by die protokol en reëls van COVID 19 te hou. Dit is in belang van ons almal. Kom ons vat hande en staan saam.

INNIGE MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan diegene wat familielede of vriende aan die dood moes afstaan as gevolg van COVID 19. Ons bede is dat God julle sal beskerm en vertroos in hierdie moeilike tyd. Sommige het gesond geraak en ander is steeds besig om die stryd te stry. Mag God u skuilplek wees in die tyd.

AANGEPASTE DATUMS

Die Minister van Onderwys, Mev A. Moshekga, wat tans met siekverlof is, het op Vrydag, 15 Jaunarie, die volgende belangrike aankondigings gemaak:

25 Januarie 2021 - Die SBS, Admin Personeel asook die Onderhoudspan meld aan vir diens.

1 Februarie 2021 - Alle opvoeders meld aan by die skool.

15 Februarie 2021 - Alle leerders keer terug skool toe. (Die onderskeie groepe waarin u kind ingedeel is, sal aan u gekommunikeer word.)

Die Skoolbestuurspan sal u deurentyd op hoogte van sake hou.

Op hierdie stadium versoek ons dat u asseblief kalm moet bly. Ons streef daagliks daarna om te doen wat die beste vir ons ouers, leerders asook die gemeenskap is.

VEILIGHEID

Bly asseblief veilig! Dra TE ALL TYE u masker, handhaaf 'n sosiale afstand van 1,5m en was/ontsmet u hande gereeld.

Vriendelike Groete
Genene Mason
WAARNEMENDE SKOOLHOOF